

Die doop bekragtig regtig dat Christus regtig ons kinders se harte met sy bloed besprinkel.

Ds. PJ Kriel

Doop Lionel Hartman en Loané Joubert

30.03.2024

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen rituele en sakramente. Rituele is menslike seremonies waardeur God niks doen nie. Sakramente is tekens waardeur God self handel. Rituele godsdiens is niks. Dit is nie regtig godsdiens nie. Regte godsdiens is om deel van die weldade van God se verbond te wees en dit bewerk Jesus Christus vir ons deur een offer eenkeer vir altyd. God haat rituele godsdiens want dit maak van Hom as God 'n nabootsing en afbeelding en van mense goddelike wesens. Ons kinders se doop is hoe God regtig bekragtig dat Hy hulle harte regte gereinig het. Spirituele leiers maak van die doop iets wat nie regtig is nie sodat hulle hul rituele godsdiens regte godsdiens kan maak en van die liefde en goeie werke wat Christus deur sy een offer skep, net 'n skadu in mense se lewens maak. Deur hul doop 'n skadu te maak en van hulle rituele die regte geestelikheid te maak plaas spiritueles kinders in die posisie dat hulle God moeg en sat maak vir hulle.

Skriflesing Hebreërs 10: 1 – 24, 2: 10. 11, 17: 9: 9, 10, 23 – 26.

Teks Heb. 10: 22 “Laat ons daarom ingaan met 'n opregte hart ... met ons harte besprinkel ... en ons liggame gewas met skoon water.”

Tema Die doop bekragtig regtig dat Christus regtig ons kinders se harte met sy bloed besprinkel.

1. Is ons kinders se doop as babas regtig of is dit nie regtig nie? Is ons kinders as babas se harte regtig besprinkel met die bloed van Jesus Christus of nie regtig nie?

In Hebreërs kry ons 'n helder kontras, 'n duidelike teenstelling tussen godsdienstige reinigings rituele of seremonies (9: 10; 10: 1 – 14) en die doop as 'n sakrament in Hebreërs 10: 22. Die doop word in hierdie vers beskryf as harte wat besprinkel is en liggame wat gewas is met skoon water. Hierdie vers wys die verskil tussen die doop as teken en die beteken saak. Die betekende saak is harte wat met die bloed van Christus besprinkel is en die teken is die liggame wat met skoon water gewas is.

Hierdie teenstelling tussen seremonies of rituele, en die doop as sakrament gaan oor die verskil tussen dit wat regtig is en dit wat nie regtig is nie. In en deur die seremonies gebeur daar regtig niks nie want God doen regtig niks deur rituele en seremonies nie. In en deur die sakrament van die doop bekragtig God self regtig alles wat Hy as God vir sy kinders regtig is.

Hierdie feit dat God regtig niks deur seremonies doen nie stel Hebreërs duidelik deur die seremonies te beskryf as 1. Afskaduwings (10:1) wat beteken dit is net die skaduwee van wat regtig is, 2. Afbeeldings (8:5, 9: 23) wat beteken dit is afdrucke maar nie die oorspronklike nie en 3. Nabootssings (9: 24) wat beteken dit is kunsmatig en nie regtig nie.

Al drie hierdie woorde stel dat seremonies of rituele is regtig niks nie. God doen regtig niks daardeur nie.

So is die tempel in Jerusalem 'n nabootsing van die teenwoordigheid van God, nie regtig God se blyplek nie. (9: 24) Die offers van diere en plante is nie regtig offers nie vir sondes nie, net 'n afbeelding van die regte offer. (10: 1) Die priesters is nie regte

Die doop bekragtig regtig dat Christus regtig ons kinders se harte met sy bloed besprinkel.

middelaars tussen God en mense nie. (9: 25) en nie een van hierdie seremonies bewerk die weldade van God in sy verbond, sy testament (9: 9, 10; 10: 1) nie.

Godsdienstige rituele is net nabootsing, afbeeldings en skaduwees wat regtig niks is, bewerk of doen nie. Dit is net God wat regtig is en regtig doen.

2. Dwarsdeur die hele Ou Testament was rituele offers nooit regtig offers vir sonde en priesters nooit persone wat regtig versoening met God bewerk het nie. God doen niks deur rituele persone en offers! Dit is presies wat reeds in Psalm 40: 7 gestel word wat Hebreërs in hoofstuk 10 aanhaal: “Slagoffers en graanoffers wil U nie hê nie, U het my ore oopgemaak - brandoffers en reinigingsoffers het U nie gevra nie.” Teenoor hierdie seremoniële godsdiens word God se geregtigheid waarin Hy sy troue liefde bewys en gelowiges van sy troue liefde getuies maak, as regte aanbidding verkondig. (40: 10 -14) Hierdie Psalm besing dit wat reeds voor Dawid se koningskap deur die profeet Samuel aan Saul openbaar is: “Is daar vir die Here vreugde in brandoffers en maaltydoffers, soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as maaltydoffers, om te luister beter as die vet van ramme. Ja, opstandigheid is soos die sonde van waarsêery en eiesinnigheid soos die euwel van huisgode. Omdat jy die Woord van die Here verwerp het, het hy jou as koning verwerp.” (1 Sam. 15: 22. 23) Daarom word seremoniële godsdiens ook in Ps. 50: 7 – 15 so verwerp as afgodsdiens: “ eet ek vleis van bulle, en die bloed van bokramme, drink ek dit? Offer dank aan God ...”

Seremonies was nog nooit iets waarmee God vereer of behaag kon word nie want dit is nie regtig nie. Nie regtig God se troue liefde en ook nie regtig gehoorsaamheid aan God se wet nie.

Kan enige iemand dink dat dit ooit so kon of kan! Wanneer jy moord gepleeg het, egbreuk gepleeg of gesteel het jy ‘n bees na ‘n priester toe vat en as hy hom geslag en verbrand het, en dan weet jy nou het jy so jou saak met god reg gemaak. God is tevrede met die vleis wat jy vir Hom gegee het? Alles is nou regtig reg gemaak!

Dit is juis die teendeel. Oor hierdie rituele geestelikheid stel die profeet Amos: “Ek haat, Ek verwerp julle feeste; Ek wil julle feesvieringe nie ruik nie. Ja, selfs al lê julle vir My brandoffers en julle graanoffers op die altaar, ek aanvaar dit nie. ‘n maaltydoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie raak nie. Hou die lawaai van julle liedere weg van My; die klank van julle harpe wil Ek nie hoor nie. Laat die reg voortrol soos water en geregtigheid soos ‘n standhoudende stroom.” (5: 21 – 24) Die profeet Jesaja kondig dit so aan: rituele offers baat God niks, God is siek en sat vir rituele offers, dit is vir Hom afstootlik, God verdra nie hulle seremoniële godsdienste feeste nie, God haat dit met sy hele wese. (Jes. 1: 10 – 17) In Jes. 9 kondig die profeet aan wat regtig is – God wat die Seun van Dawid regte reg en geregtigheid vir sy volk sal oprig (9: 5, 6) en in Jes. 53 kondig die profeet die regte offer aan: die Loot, die seun van Dawid sal as Kneg self die regte offer wees.

Heb. 10: 9 wys uit Ps. 40 offers het gewys dat net God sal jou reinig, nie rituele nie en die Messias sal die reg en geregtigheid bring wat rituele nie kan nie.

3. Wat is regtig en wat doen God regtig? En die antwoord uit Hebreërs is Jesus Christus is regtig en wat Hy doen is regtig!

Die doop bekragtig regtig dat Christus regtig ons kinders se harte met sy bloed besprinkel.

Jesus Christus is regtig God wat self ons Middelaar is. (9:15) Jesus is nie 'n tussenganger tussen God en mense nie. Hy is self mens van vleis en bloed in die hemel soos ons mense van vleis en bloed op aarde is. (2: 14: 14 -18) So is Hy die Een wat God se wil doen (10: 9) om ons in sy heiligheid as mens te laat deel (2: 11: 10: 10, 14) terwyl hyself terselfdertyd die barmhartige God is. (1: 3, 4; 3:4) Jesus Christus is regtig die regtig die regte Middelaar.

Jesus Christus self is regtig die offer vir ons sondes. Hy het regtig Homself eens en vir altyd as die eenmalige offer vir ons sondes gegee: "Want dit het Hy eens en vir altyd gedoen toe Hy Homself as offer gebring het." (7: 27) "Hy het ... eens en vir altyd met sy eie bloed die heilighdom binnegegaan, en 'n ewige verlossing bewerk." (9:12) Regtig net Christus se offer een keer vir altyd en nooit weer ander offers vir sonde nie. (10: 11 – 14)

Jesus Christus stel ons regtig in die regte innerlike heiligheid van God se teenwoordigheid self. Deur as mens op te vaar na die hemel en ons in sy heiligheid as mens te laat deel, stel Hy ons met Homself in die Allerheiligste teenwoordigheid van God self: "langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam ..." (10:23) Dit is om ons as geheiligdes so voor God te stel: "Kyk, hier is Ek en die kinders wat God vir My gegee het." (2: 10 en 13) Regtig in God se regte heilige teenwoordigheid!

Jesus Christus maak ons regtig deel van al die regte weldade van God se verbond.(8:6 -13, 9:11) Hierdie is die verbond met Abraham wat Hebreërs direk aanhaal uit Jeremia 31: 31 – 33, en die weldade is 'n gereinigde gewete (9:14, 10: 22), geheilig en vervolmaak vir God se liefde (10:10), onskuldig en sondeloos vir God (10:18), met die vryheid om jou in liefde en met goeie werke aan God toe te wy wat Hy vir Homself heilig. (10: 24) Ons is regtig deel van hierdie weldade deur Jesus Christus

Ons en ons kinders! Hebreërs haal die Abrahamsbelofte uit Jer. 31: 31 – 33 aan in Heb. 8: 7 – 12. Net die volgende vers in Jer. 31:34 wys hoe God hierdie weldade aan ons kinders ook toereken: "Hulle sal nie meer elkeen sy medemens of sy broer leer en sê: 'Ken die Here!' nie. Want hulle almal sal My ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle," is die uitspraak van die Here." Jesus Christus is regtig offer, Hoëpriester en Middelaar wat ons kinders ook in sy weldade laat deel. Van die kleinste tot die grootste!

4. Die Here Jesus maak ons kinders regtig deel van al sy weldade – Hy maak hulle heilig en vervolmaak vir sy liefde (10: 10. 14) en gee hulle so 'n gereinigde gewete – 'n gewete wat nie met sonde, offers vir sonde en dooie werke besig is hoe om uit die skuld met God te kom nie. (9: 14)

Dit is die openbaring van God se verbond in Jer. 31: 31 – 34: God self heilig ons en ons kinders vir sy liefde en gee ons 'n opregte hart vry van 'n slegte gewete (10: 22). Dit wat gee geestelike leier vir ons of ons kinders kan doen met die spirituele mag om teenoor ons voorskriftelik op te tree met die spirituele eise: "Ken die Here", nie. (Jer. 31:34) Só bevry die Here Jesus ons van alle rituele godsdiens sodat ons nie met seremonies besig is nie, maar met liefde en goeie werke. (10: 24)

Die doop bekragtig regtig dat Christus regtig ons kinders se harte met sy bloed besprinkel.

Deur só God te wees vir ons en ons kinders, het God alle seremoniële godsdienste verouderd verklaar en afgeleef gemaak. (8: 13) Want dit was net 'n nabootsing, afbeelding en afskaduwing waarin niks regtig is nie terwyl Jesus Christus alles is en doen wat regtig is vir ons en ons kinders.

Omdat Jesus Christus regtig só Here vir ons en ons kinders is, van die kleinste tot die grootste (Jer. 31:34) is hulle harte regtig besprinkel met die bloed van die Here Jesus Christus. Gee die Here hulle harte vry van skuld en wat gebind is aan offers, gee Hy hulle harte wat verbind is tot liefde en goeie werke. Ons kan met kinders met volle geloofsekerheid enige tyd op enige plek die innerlike heiligheid van God self binne gaan in gebed met Christus wat as barmhartige Hoëpriester ons geheilig in sy liefde ons voor God stel. (2: 10, 13; 10: 19 -22) Ons en ons kinders mag nooit weer met die verouderde en afgeleefde rituele godsdienste voor God verskyn nie. God haat en verafsku rituele godsdienste. Rituele godsdienste is vir God 'n las en maak Hom moeg. Hy verdra dit nie. (Amos 5: 21 - 23; Jes. 1: 10 – 17) want dit is regtig net 'n nabootsing en afbeelding van godsdienste. Dit is regtig net niks wat aan God voorgehou word asof dit alles is wat Hy doen en eis.

Jesus Christus het regtig ons kinders se harte met sy bloed gereinig. Daarom moet ons hulle lei en rig in hul liefde vir die Here en hul goeie werke vir die Here. Ons mag nooit as verbondsouers ons kinders onder die haat en afsku van God stel, hulle vir God 'n las maak wat Hom moeg maak deur hulle te oefen in rituele godsdienste nie. Ons moet hulle lei om met hul gereinigde harte hul self aan God volgens sy wet toe te wei.

5. Is die doop waarmee ons ons babas doop regtig of is dit net 'n namaaksel, afbeelding en afskaduwing?

As die doop net nog 'n godsdienstige ritueel is, dan is dit regtig niks nie. Dan is die doop nie net van ons babas nie, maar ook van volwassenes dit wat God haat, verafsku, Hom moeg en sat maak en vir Hom as God 'n las is. (Amos 5: 21; Jes. 1: 10 – 17)

Daarom moet ons die ontdekking maak – 'n sakrament is nie net 'n godsdienstige ritueel nie. Dit is 'n teken wat God self gebruik. Hebreërs noem die Abrahamsverbond, die nuwe testament. (9: 9 2020 vertaling) en stel dan “Waar 'n testament ter sprake is, is dit nodig om die dood van die een wat dit gemaak het te bevestig.” (9: 16) In ons teksvers is die besprinkeling van ons liggame met water die doop met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hierdie doop met water bekragtig die besprinkeling van ons harte met die bloed van die Here Jesus Christus -daarom die dubbele bewoording van besprinkel en was. Besprinkelde harte en gewaste liggame!

Hebreërs is hier besig met die inhoud van die Abrahamsbelofte van Jer. 31 wat in Esegël 36: 25 en 26 so gestel word: “Ek sal rein water oor julle sprinkel, en julle sal rein wees. Van al julle onreinheid en van julle afgodsbeelde sal Ek julle reinig. Ek sal julle 'n nuwe hart gee, 'n nuwe gees sal ek in julle binneste gee,”

God bekragtig regtig met die teken van die doop wat Hy as God regtig vir ons doen – en dit is nie maar net 'n godsdienstige ritueel want God doen niks deur

Die doop bekragtig regtig dat Christus regtig ons kinders se harte met sy bloed besprinkel.

godsdiensrituele nie. Met skoon water op hul liggame bekragtig God dat Hy ons kinders se harte met sy bloed gereinig het. Daarom is die teken van die doop soos 'n seël op 'n testament. 'n Seël op 'n testament is nie 'n mooi prentjie wat die testament versier nie. Dit is 'n waarmerk wat die inhoud van die testament bekragtig en effektief deel maak van die erfgename. Die doop is God se waarmerk vir sy testament, waarmee Hy sy verbondsbeloftes verbondseëninge maak binne die lewe van sy erfgename.

Dit is soos om 'n plaas met 'n waarmerk te bemaak. Met die dood van die erflater word die plaas die erfgenaam se besitting. Dit word aan hom/haar toebedeel as eiendom met 'n gewaarmerkte testament. Met die doop as God se eie waarmerk bekragtig God self dat met die offerdood van Christus is ons en ons kinders deel van die God se verbondseëninge. Ons kinders se liggame word met water gewas (die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees) om te bekragtig dat God hulle gereinigde harte gegee het. Die doop is nie net nog 'n menslike godsdiensritueel nie.

6. Wat gebeur wanneer rituele en seremonies vir en deur mense regtig hulle regte godsdiens gemaak word?

Wanneer soos die Israeliete hulle bokkies regtig vir God offers vir hulle sondes gemaak word, priesters regtig tussengangers tussen God en mense word en 'n tempel regtig God se blyplek word?

Wanneer die rituele regtig die regte godsdiens gemaak word, dan word Jesus Christus wat regtig is so net die nabootsing, afbeelding en afskaduwing gemaak. Dan word Jesus Christus dit gemaak wat die rituele in die Ou Testament was.

Dit is vandag die werklike geestelike bedreiging vir ons kinders. Dominee 's sien hulle self nou as spirituele leiers wat hulle self regtig as geestelike tussengangers tussen God, ons en ons kinders sien wat met hulle geestelike ervarings van God, God deel maak van ons lewe. Hulle bring nuwe rituele offers in die plek van die een en enigste offer van Jesus Christus en hulle maak ons kinders se harte en lewens regtig God se nuwe blyplek. In hierdie spirituele selfbelewensisse van hierdie geestelikes maak hulle Jesus vir ons kinders net 'n skaduwee wat hulle regtig moet maak deur alles wan Jesus is self na te boots. Deur hulle rituele glo hulle word Jesus eers 'n werklike geestelike belewenis vir kinders.

So glo hulle ons kinders se doop is nie iets regtig nie. Hulle maak baie soorte waterrituele op soos stap kaalvoet deur water by die kerkdeur, bespat jouself met water in 'n doopbak voor jy belydenis aflê, loop deur water sodat jy kan beleef jy sterf soos in die water en God staan in jou op as jy uit die water opstaan net soos Jesus dit met sy doop gedoen het – regtig. Al hierdie waterspeletjies maak Jesus regtig want sonder hierdie rituele is Jesus nie regtig vir ons kinders nie – so glo hulle.

Net so maak hulle nuwe rituele offers die regte offers wat jy vir God moet gee. Jy moet kamstig jou hart en lewe vir God gee vir jou sondes en dan God op die troon van jou hart sit. So maak hulle Jesus se offer en sy troon aan God die Vader se regterhand net die skaduwee wat jy moet naboots met seremonies om dit regtig te maak in jou lewe.

Die doop bekragtig regtig dat Christus regtig ons kinders se harte met sy bloed besprinkel.

Net so maak hulle meditasie die ritueel waardeur jy jouself leeg moet maak en oop moet maak om God in jou lewe te laat inkom en jouself so God se blyplek te maak.

En hierdie rituele is net soos die rituele van die Ou Testament. Omdat dit niks regtig is nie moet dit dag vir dag, week vir week, elke keer weer in elke erediens uitgevoer word anders as dit wat Jesus Christus regtig net een keer vir altyd vir ons regtig gedoen het.

7. 'n Voorbeeld van rituele godsdienste in die kerk op die oomblik is die nuwe vreemde gebruik om met 'n baba te se doop vir die ouers 'n sogenaamde doopkers te gee. Daar word dan verwag dat ouers elke jaar op die doopdatum van hulle kind die kers op te steek voor die kind sodat die kind kan onthou dat hy of sy gedoop is. Dit word 'n doopsviering genoem.

Hierdie doopsviering met 'n doopkers is wat die Here Jesus self oor hierdie rituele godsdienste openbaar het: "Hulle bind swaar vragte saam, ja moeilik om te dra, en lê dit op mense se skouers ..." (Mat. 23: 4) Dink jou in 'n pa wat gewoonlik nie sy kinders se geboortedatum kan onthou nie, moet nou elke jaar nog elke kind se doopdatum onthou! Dan moet jy 'n spesifieke kers iewers bêre waar jy dit elke jaar weer kan kry. Dan moet jy jou kind op een of ander manier by jou kom laat stilstaan sodat jy die kers voor hom of haar kan opsteek. En dan? Dan moet jy vir die kind verduidelik dat dit die dag is waarop hy of sy gedoop is sonder om daarvoor simpel te voel. En dan? Dan moet jy maak of dit 'n diep geestelike belewenis vir jou kind is om die doopdag te onthou. Eenkeer 'n jaar, elke jaar, onophoudelik jaar vir jaar (Heb. 10: 1) moet julle deur hierdie ritueel gaan.

Stel jou voor jy moet die doen met die lees van 'n testament waarin jou pa se plaas jou plaas geword het! Om vir die res van jou lewe op die dag wat die testament gelees is 'n kers op te steek om te onthou dit is die dag waarop die testament bekragtig is!

Dit is totaal belaglik. Jy vier jou testamentêre bemaking deur liefde en goeie werke. (Heb. 10: 24) Deur lief te wees vir boerdery en ywerig besig te wees met al die werk op die plaas, dag vir dag, jaar vir jaar. Nie met 'n kersritueel nie. Net so vier ons kinders die regte bekragtiging deur die doop van hulle regte gereinigde harte deur die Here deur God en hul naaste vir die res van hul lewe regtig dag vir dag lief te hê en regtig besig te wees met goeie werke vir God en hul naaste. Deur so lewenswyse vier hulle dat hulle en hul liefde vir God regtig deur Jesus vir God een keer volkome geheilig en vervolmaak is. Deur liefde en goeie werke leef hulle 'n lewe waar hulle nooit weer vir enige sonde 'n offer vir God moet bring nie en so vier hulle die bekragtiging van hulle doop – Jesus was die een offer eens en vir altyd vir al my sondes – ek kan in liefde en goeie werke myself aan God bly toewy.

Ouers wat hulle kinders met rituele godsdienste grootmaak, leer hulle kinders om te doen wat God haat, Hom moeg en sat maak, en maak hulle kinders so vir God 'n las. (Jes. 1: 10 -1 17) Ons laat ons kinders met een doop bekragtig word as kinders met gereinigde harte wat God altyd vreesloos kan dien en lief hê. Ons leer hulle wat regtig is.